27 OKTOBER SE DATE NIGHT GROOT SUKSES - THE ROCK

Wat 'n wonderlike bederf was 27 Oktober 2017 se *Date night* nie!

The Rock het met goeie samewerking en baie entoesiasme die middag alles reggekry vir die groot bederf. Ons is met ons aankoms vriendelik en met afwagting ontvang en na ons tafel vir 2 geneem. Die atmosfeer was geskep deur die pragtige gedekte tafels, kerse, lanterns en *fairy lights.* Soos volwaardige kelners het hulle ons bedien en is ons bederf met 'n feesmaal. Die ruimte is geskep vir ontspan, lekker gesels en lag, maar ook vir 'n uitdaging. So deur die gesels het ons 12 vindingryke, date night idees vir onsself uitgedink en met mekaar gedeel wat ons van mekaar waardeer/lief het. So tussen die meer ernstige gesprekke, ontspan en lekker eet was daar ook genoeg geleentheid vir pret. 'n *Photobooth* (en props vir die waaghalsiges) was reg om die herinnering van 'n wonderlike aand te verewig.

Die stop van die lewe se vereistes/verwagtinge en tyd saam met my lewensmaat was kosbaar en onvergeetlik, maar meer as dit…..om bietjie met die jeug in ons Gemeente te kon *connect*, was net so onvergeetlik. Om aan die ontvangkant van hulle onbaatsugtige diens te wees was 'n voorreg. Om met hulle te kon gesels en aan hulle entoesiasme en drome blootgestel te word, was 'n geskenk. Watter voorreg!

Baie dankie aan *The Rock* en Jana dat julle die instrumente was in 'n wonderlike aand wat ek altyd sal onthou en waardeer. My dagboek wag vir volgende jaar se afspraak, want ek gaan nie volgende keer hierop uitmis.
Anne Smit



GEMEENTEBULLETIN

Durbanville Gemeente

KERKKANTOOR
Tel: 021 975 6370
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za
Facebook: Durbanville Gemeente
Instagram: @durbanvillegemeente
Twitter: @Dgemeente

Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

BANKBESONDERHEDE
ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente Durbanville.
Verw: *bv. RVos / MDO*

HARTLIKE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!

TYD	WAAR	VANDAG 05 NOVEMBER 2017	VOLGENDE WEEK 12 NOVEMBER 2017
		GESAMENTLIKE EREDIENS	*Teks: Heb 4:12-13 en Ps 19*
09:00	**Kerk: Klassieke diens** **Sentrum: Familiediens**	Dr. Tinus van Zyl en Ds. Jana Dickason *Teks: Ef 2: 2-10* **Doop en Belydenis van Geloof**	Ds. Jana Dickason Ds. André Agenbag
09:30	**Jeuggroepe**	Voorskool – Gr. 3	Voorskool – Gr. 3
10:00	**Jeuggroepe**	Gr. 4 – 11	Gr. 4 – 11
18:00	**#theRock** (Tieners)	Ds. Jana Dickason	Ds. Jana Dickason

BELYDENIS VAN GELOOF

Die doop verseker ons dat ons aan God behoort. Met ons belydenis van geloof kry ons die kans om te antwoord op die genade en trou wat spruit uit ons doopbelofte. Ons is bevoorreg om deur beide hierdie handelinge, herinner te word aan God se troue genade.

Jeuggroepe gr. 7 -10 stap saam met kinders oor saal toe om te help met die aanbieding van die Kinder aktiwiteite.

Kom geniet 'n lekker koppie koffie of tee in die kerk se tuin na die Erediens

JONGMENSE WAT VANOGGEND BELYDENIS VAN GELOOF AFLÊ:

Megan Kristen Myburg
Rumano Titus
Christel Lottie Van Niekerk
Bronwyn George
Silke Hellmann
Andrew Pieter Henry De Jager
Louisa Santa Roux
Lara van der Merwe
Theo Ernst van Eden

VOORBIDDING

Weet jy van iemand wat siek of in die hospitaal is? Laat weet asb. vir Christa by die kerkkantoor 021 975 6370 X 103 / admin@durbanvillegemeente.co.za, sodat ons ook vir hulle kan bid / besoek.

Ons dink in ons gebede aan die volgende lidmaat wat siek is of behandeling ontvang:

- Sariët Bernhardi
- Catherina Oosthuizen
- MC Kitshoff

BAIE DANKIE AAN ONS VRYWILLIGERS VANDAG!

Sannie en Dawie Kinghorn, Andrew en Karin Kok, Claudie Potgieter, Ann Smit, Karla de Wit, Esther Blackaller, Helena Marais, Chris en Esterna Lotz en Dick en Paulina Hattingh.

DOOP VANDAG – KLASSIEKE DIENS

- Kobus en Surita Stone doop vir Kirsten
- Marnus en Adél Laubscher doop vir Ulrich
- Werner en Chantel van Schalkwyk doop vir Erik
- Hendré en Rozaan Louw doop vir Olivia
- Thys en Esmarie Dreyer doop vir Reinhardt
- Abraham en Adél de Villiers doop vir Ben
- Manus en Kaymi Nienaber doop vir Zara
- Ben en Vanessa Smit doop vir Eschereé
- Marius en Suzanne Visser doop vir Malan
- Chantelle en James Kotze doop vir Tané

Ons versoek asseblief dat geen fotograaf tydens die doop opstaan, rondbeweeg, en foto's neem wat geluide en flitse maak nie. Ons beveel aan dat 'n familielid of vriend heel voor sit om die doop self op video op te neem, sodat hulle dit later vir die kindjie kan wys. Foto's kan ook na die diens in die liturgiese ruimte geneem word.

OFFERGAWES

Vandag se Sinodale offergawe gaan aan **Zimbabwe, Malawi en Masambiek.** Ons ondersteun veral teologiese opleiding, mediese dienste by hospitale en klinieke asook literatuur ontwikkeling.

SnapScan

DURBANVILLE GEMEENTE BANKBESONDERHEDE

ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente, Durbanville.
Indien jy enige bydrae elektronies inbetaal, gebruik jou noemnaam en van as verwysing asook waarvoor die inbetaling is. Baie dankie!

Of betaal met SnapScan

GR. 4-6 KOFFIEKROEG 10 NOVEMBER

Daar is 'n spesiale eksamen-koffiekroeg vir alle Graad 4-6 kinders op 10 November om 18:00! Alle kinders word hartlik uitgenooi om 'n bietjie tyd af te vat, stoom af te blaas, en saam met ons die aand te geniet! Dit sal teen 20:00 op die laatste klaar wees.

AANDIENS 2018

Ons is baie opgewonde om met die gemeente te deel dat ons 'n aanddiens gaan begin in 2018!! Tieners, werkende jongmense en die jonges van gees sal welkom voel. Lekker "Praise and Worship" en preke wat op hier-en-nou fokus, **21 Januarie skop ons af met 'n kontemporêre aanddiens**. Ons tiener jeuggroepe skuif na die aand toe en sal na die afloop van die diens plaasvind! Watch this space!!! Jy wil dit nie mis nie!

GR. 7 OUER EN KIND DAG

Ons nooi alle graad 7's en hul hele gesin uit om 19 November saam met ons te reis. Ons besef dat Gr. 7 tot 'n einde kom en die nuwe avontuur van die Hoërskool wag. Kom geniet die oggend waar ons bietjie gaan gesels oor die nuwe uitdagings en ook 'n paar gesin-speletjies gaan speel!

Tyd: 09:00(tydens die diens)
Plek (de oude Caab)
RSVP: voor 15 November by Ds. Jana Dickason 0826141728

KERSSPEL

Ons beplan 'n Kersspel op **26 November** en wil almal uitnooi om betrokke te raak. As jy wil deel wees van hierdie oggend kontak **ds. Jana Dickason of Etienne Snyman.**

SYLVIA NENE TYGERBERG HOSPITAAL

Ons wil graag weer gedurende November, totdat die skole sluit, toiletware bymekaar maak wat Sylvia onder die pasiënte kan uitdeel. Daarvoor moet ek op u samewerking staatmaak.

In die sakkie moet wees: Waslap en seep, tandeborsel en tandepasta en deodorant. Dit hoef NIE as 'n Kerspakkie opgemaak te wees nie, want dit word gedurende die jaar, soos dit benodig word, uitgedeel. Daar sal kartondose, gemerk **SYLVIA NENE**, in die portale wees waarin u die sakkie kan sit, of dit kan ook by die kerkkantoor afgegee word.

Hierdie sakkie benodigdhede is vir die meeste pasiënte 'n luukse, en omdat hierdie projek elke jaar sò goed deur die gemeente ondersteun word, het ek regtig die vrymoedigheid om wèèr op u samewerking staat te maak.

Nogmaals baie dankie vir u bydrae.

Vir enige navrae skakel gerus vir **Nana de Kock by 021 976 3618 of die kerkkantoor by 021 975 6370.**